Bib 104/89

LL

Saak No 580/1988

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

ANDREW NGUBO — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: BOTHA, EKSTEEN ARR et NICHOLAS Wn AR

VERHOORDATUM: 18 AUGUSTUS 1989

LEWERINGSDATUM: 12 SEPTEMBER 1989

UITSPRAAK

BOTHA AR:-

Die appellant is deur VAN ZYL R en assessore in die Rondgaande Hof op Potchefstroom skuldig bevind aan moord. Die Verhoorhof het bevind dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie. Gevolglik is die appellant ter dood veroordeel. Teen die doodvonnis wat hom opgelê is, kom die appellant nou in hoër beroep, met verlof wat verleen is uit hoofde van 'n versoekskrif gerig aan die HOOFREGTER.

Die appellant het die oorledene in die saak doodgeskiet met 'n haelgeweer. Dit het gebeur gedurende die aand van 17 Julie 1987, in 'n woongebied in die omgewing van Vanderbijlpark. Die appellant was destyds 'n 25-jarige spesiale konstabel in diens van die S-A Polisie, maar ten tyde van die gebeure was hy nie aan diens nie.

Volgens 'n ooggetuie van die skietery wat namens die Staat getuig het, Shadrack Masike, het die oorledene en sy meisie op 'n straathoek staan en gesels toe die appellant op die toneel kom. Die appellant

het 'n geweer in sy hande gehou, wat gerig was op die oorledene, en nader aan die oorledene gestap. Die oorledene het bekendgestaan onder die bynaam "Killer". Terwyl die appellant na hom gestap het, het hy aan die oorledene gesê: "Killer, kom hierso". Die oorledene se meisie het weggehardloop. Die oorledene het geen wapen by hom gehad nie en het met sy arms langs sy sye gestaan. Terwyl die appellant nog aangestap kom na die oorledene, met sy arms en die geweer voor hom uitgestrek, het die oorledene geskreeu: "Keer daardie man dat hy my nie skiet nie". Op 'n afstand van 5 tot 7 meter van die oorledene het die appellant die geweer afgevuur. Die oorledene is getref en het geval. Die appellant het by hom gaan staan, met die geweer se loop na onder toe. Masike het op die appellant gevloek, en die appellant het op hom teruggevloek. Masike het die toneel verlaat om die gebeure te gaan rapporteer. Die skoot wat die appellant op die oorledene afgevuur het, het laasgenoemde se dood veroorsaak.

Die appellant het in sy getuienis 'n ander weergawe van die skietvoorval gegee. Volgens sy weergawe het die oorledene 'n wapen by hom gehad, wat die appellant op verskillende, botsende maniere beskryf het, en het die oorledene gedreig om hom daarmee aan te val. Die appellant se verweer was dus dat hy in noodweer opgetree het toe hy die oorledene geskiet het. Die appellant se relaas van die gebeure, wat hy in sy getuienis verskaf het, was in verskeie fundamentele opsigte in stryd met 'n verklaring wat hy kort na die voorval aan die polisie afgelê het, en het ook inherente ernstige weersprekings bevat. Dit is onnodig om op enige besonderhede in te gaan. Die Verhoorregter het in sy uitspraak op die skuldigbevinding die appellant as 'n "deurtrapte leuenaar" bestempel, en 'n bestudering van die oorkonde toon aan dat hierdie beskrywing van die appellant as 'n getuie ten volle geregverdig was. Die Verhoorhof het Masike se getuienis aanvaar, en daarmee kan geen fout gevind word

nie.

Die ondersoek na die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede is gevolglik beperk tot gebeurtenisse wat plaasgevind het vóór die skietery van die oorledene. Dit blyk uit die getuienis dat die oorledene en die appellant vroeër in die aand albei aanwesig was by 'n partytjie (in die getuienis genoem 'n "stokvel") by die huis van ene Elmon Sibisi. Daar het 'n bakleiery tussen die oorledene en die appellant plaasgevind. Sibisi, 'n Staatsgetuie, het getuig dat hy in die kombuis was toe hy 'n lawaai in die eetkamer gehoor het. Hy het gaan ondersoek instel en gevind dat die oorledene en die appellant met mekaar handgemeen geraak het; hulle het mekaar in 'n greep gehad en was besig om te baklei. Sibisi het hulle uitmekaar gemaak, uit sy huis uit gesit en die deur toegesluit.

Volgens die appellant was dit die oorledene en sy makkers wat die bakleiery in Sibisi se huis aan

die gang gesit het deur hom aan te rand met 'n bottel, vuishoue en skoppe. Die appellant sê voorts dat hy van Sibisi se huis na sy eie huis teruggegaan het. Daar aangekom, het hy aan sy ma vertel wat gebeur het. Terwyl hy met haar gepraat het, het hy die oorledene en sy makkers buite sy huis hoor praat. Die oorledene het onder meer gedreig om die appellant se huis met klippe te bestook en dit aan die brand te steek, en te kenne gegee dat hy nie bang is vir die appellant se "voëltjie-geweer" nie. Daarop het die appellant sy haelgeweer geneem en na buite gegaan met die doel, sê hy, om die oorledene en sy metgeselle te arresteer. Die oorledene se makkers het gevlug, maar die oorledene het bly staan. Toe hy nader beweeg aan die oorledene, het laasgenoemde agteruit gehardloop en die appellant het hom agternagesit. Wat daarna gebeur het, volgens die appellant se relaas, was dit wat sy verweer van noodweer uitgemaak het. Soos reeds aangedui, is daardie deel van die appellant se getuienis tereg deur

die Verhoorhof as vals verwerp en dus moet dit buite beskouing gelaat word.

Met betrekking tot versagtende omstandighede is daar namens die appellant in hierdie Hof betoog dat die appellant as gevolg van provokasie die oorledene geskiet het. Dieselfde betoog is in die Hof a quo geopper, waar dit verwerp is. Die Verhoorregter het in sy uitspraak op hierdie aspek van die saak gesê dat die appellant voldoende geleentheid gehad het om af te koel na die bakleiery by Sibisi se huis, en die Verhoorhof se bevinding was dat die appellant se optrede deur die oorledene te agtervolg en dood te skiet nie 'n spontane of impulsiewe handeling was wat in provokasie uitgevoer was nie; dit was klaarblyklik berekend, soos blyk uit die feit dat hy deurgaans in gedagte gehad het dat hy die oorledene wou arresteer.

Voor hierdie Hof was die betoog dat die Verhoorhof gefouteer het in sy bevinding aangaande die afwesigheid van versagtende omstandighede. Die betoog

was hoofsaaklik gebaseer op die getuienis wat die appellant afgelê het nadat hy skuldig bevind was aan moord en die Verhoorhof besig was met die ondersoek na die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede. In daardie getuienis het die appellant gesê dat, toe hy aangerand was in Sibisi se huis, hy kwaad geword het en hartseer was; en verder dat, toe die oorledene en sy makkers hom buitekant sy eie huis gedreig het, hy gevoel het dat die mense hom minag en uittart, en dat hy toe kwaad was. Hy het bygevoeg dat, as hy nie kwaad was nie, hy nie so sou opgetree het soos hy wel opgetree het nie.

Uit die Verhoorregter se uitspraak blyk dit dat die Verhoorhof wel die appellant se getuienis dat hy kwaad was in aanmerking geneem het, alhoewel daar geen kommentaar spesifiek daaroor gelewer is in die uitspraak nie. Na my oordeel is die appellant se getuienis dat hy kwaad was in ooreenstemming met die inherente waarskynlikhede wat voortspruit uit die

gebeure by die stokvel en by die appellant se huis (in die veronderstelling dat die appellant se getuienis in dié opsig aanvaar word). Terselfdertyd is ek van oordeel dat die feit dat die appellant kwaad was nie die bevinding van die Verhoorhof, soos hierbo vermeld, aanvegbaar maak nie. Die woede van die appellant, op sigself staande, maak nog nie sy optrede moreel minder verwytbaar in die samehang van versagtende omstandighde nie. Die kardinale vraag wat gestel moet word, is die volgende: watter uitwerking het sy woede op die appellant se gemoedstoestand gehad? As dit veroorsaak het dat die appellant se selfbeheer daardeur afgetakel of verminder was, sou daar iets gesteek het in die betoog namens die appellant. Daarteenoor, as die appellant se woede daartoe gelei het dat hy 'n koel en oorwoë besluit geneem het om die oorledene te gaan doodskiet net om die oorhand oor hom te kry, of hom op sy plek te sit, sou daar nie, in die omstandighede van hierdie saak, ruimte wees vir 'n bevinding van

verminderde morele verwytbaarheid aan sy kant nie.

Die appellant se eie getuienis openbaar nie watter uitwerking sy woede op sy gemoedstoestand gehad het nie. Van die antwoorde wat hy op vrae tydens kruisverhoor gegee het, blyk dit dat hy self nie beweer dat sy selfbeheersing aangetas was nie. Op vrae aangaande wat in sy gedagte omgegaan het toe hy die geweer geneem het en die oorledene agternagesit het, het hy herhaaldelik en uitdruklik verklaar dat sy enigste gedagte was om "die mense" te arresteer. Hy het ook onomwonde bevestigend geantwoord op die volgende vraag: "U het baie berekend op die oorledene af gestap en hom gaan arresteer, dit was u enigste oorweging?". In herverhoor het hy bevestig dat hy in staat was om 'n berekende besluit te neem. Hierdie getuienis van die appellant kan geen grondslag vorm vir 'n bevinding van verminderde morele verwytbaarheid aan sy kant nie. Die wyse waarop hy die oorledene geskiet het, soos getuig deur Masike en soos aanvaar deur die

Verhoorhof, is geheel onversoenbaar met die gedagte dat die appellant die oorledene wou arresteer. Sy stelling dat hy nie sou opgetree het soos hy het nie as hy nie kwaad was nie, kan dus ook nie sy saak bevorder nie. Dit negeer geensins die moontlikheid dat hy die oorledene berekend en koelbloedig wou vergeld vir sy optrede teenoor hom nie.

Buitekant die appellant se eie getuienis is daar geen feite in die oorkonde wat 'n bevinding van versagtende omstandighede kan regverdig nie. Dit is wel moontlik, selfs waarskynlik, dat die appellant, vanweë die leuenagtigheid van sy getuienis oor hoe die skietery self plaasgevind het, selfs na sy skuldigbevinding steeds nie die Verhoorhof in sy vertroue geneem het aangaande sy gemoedstoestand ten tyde van die moord nie. Daaraan kan die Hof egter niks doen nie; dit is 'n aangeleentheid wat slegs die uitvoerende gesag verder kan ondersoek en oorweeg.

Die resultaat is dat daar geen gronde is

waarop hierdie Hof kan ingryp in die bevinding van die Verhoorhof aangaande die afwesigheid van versagtende omstandighede nie.

Die appèl word van die hand gewys.

A.S. BOTHA AR

EKSTEEN AR

STEM SAAM

NICHOLAS Wn AR